



# AFRIKAANS HUISTAAL

**GRAAD 8**

**VRAESTEL 1**

**LEESBEGRIP, OPSOMMING, TAAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**NOVEMBER 2018**

**PUNTE: 60**

**TYD: 1½ UUR**

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye


**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE** afdelings:  
  
Afdeling A: Leesbegrip  
Afdeling B: Opsomming  
Afdeling C: Taalstrukture en –konvensies
2. Beantwoord **AL** die vroe.
3. Begin **ELKE** afdeling op ‘n **NUWE** bladsy.
4. Trek ‘n lyn na elke afdeling.
5. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Laat ‘n reël oop na elke antwoord.
7. Skenk aandag aan spelling en sinskonstruksie.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Voorgestelde tydsindeling:  
  
Afdeling A: 35 minute  
Afdeling B: 20 minute  
Afdeling C: 35 minute

**AFDELING A: LEESBEGRIJP****VRAAG 1**

Lees en kyk na die teks hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg:

### **Bergfietsryer jaag eers oor swart mamba, kyk toe of hy gepik is**



- 1 Wat doen 'n mens as jy volspoed op jou bergfiets na die eindstreep jaag en skielik 'n drie meter lange swart mamba voor jou oor die pad sien seil? Dit is waaroor Philip Buys en Francois Theron van Garmin-Adidas gisteroggend in die tweede skof van die Mankele-bergfietstoer in die Laeveld moes besluit.
- 2 Buys sê hy het eers toe hy sowat 5 m van die mamba af was, besef hy is in groot moeilikheid. Daar was nie tyd om uit te swaai nie omdat hulle in daardie stadium op 'n smal grondpaadjie gejaag het.
- 3 "Ek het reg bo-oor die mamba gery. Ek kan nie vir jou sê wat op daardie oomblik deur my gedagtes geflits het nie. Dit was 'n ander soort adrenalien-rush, want 'n swart mamba is nie 'n man se maat nie. As hy jou pik, kan jy sterf."

- 4 Dit het vir my gevoel asof ek deel is van 'n werklikheidsreeks op televisie waarin die polisie eers ná 'n wilde jaagtog agter skelms aan probeer vasstel of hulle raak geskiet is. Ek het eers nadat ek oor die eindstreep gejaag het, gekyk of ek nie dalk gepik is nie." Volgens Buys was die mamba briesend net nadat hy daaroor gejaag het. Die slang het heen en weer oor die pad geseil.
- 5 Theron, wat die incident van agter af aanskou het, spot en sê hy het gesien hoe Buys 'n "anderste briekmerk" los. "Maar eintlik was daar nie regtig tyd om te lag nie. Vir 'n oomblik of twee het daar 'n vreemde stryd tussen my brein en bene gewoed. Jou kop sê stop, maar jou bene hou aan met trap."
- 6 Ek het vir myself gesê dat daar nie 'n manier is waarop ek ook oor die mamba gaan jaag nie. Gelukkig het die slang in die bosse in verdwyn voordat ek by hom kon kom, maar ek wou geen kans waag nie. Daarom is ek ook in die bosse in – in heeltemal die ander rigting."
- 7 Ten spyte van dié "avontuur" het Buys en Theron die skof oor 80 km gewen.

Uit: Naweek-Beeld, September 2009

- 1.1 Haal 'n sin aan wat sê dat 'n swart mamba baie gevaarlik is. (1)
- 1.2 "Ek kan nie vir jou sê wat op daardie oomblik deur my gedagtes geflits het nie."  
1.2.1 Met wie dink jy praat Philip hier? (1)  
1.2.2 Hoekom dink jy so? (1)
- 1.3 Hoe het die slang gereageer toe Philip oor hom gery het? (1)
- 1.4 Waarmee vergelyk Philip hierdie ervaring wat hy gehad het?  
Antwoord in een sin. (2)
- 1.5 Watter innerlike konflik het Francois ervaar terwyl hy op die slang afgepyl het?  
Antwoord in een sin. (2)
- 1.6 Verduidelik: "'n Swart mamba is nie 'n man se maat nie." (2)
- 1.7 Watter twee opeenvolgende woorde sê dat die twee seuns die vorige dag ook in die fietsren gery het? Skryf slegs die woorde. (2)
- 1.8 Wat word geïmpliseer met die woorde:  
"... hy het gesien hoe Buys 'n anderste briekmerk los" (paragraaf 5). (2)
- 1.9 Waarom, dink jy, word die woord avontuur in die laaste paragraaf in aanhalingstekens geplaas? Antwoord in een sin. (2)
- 1.10 Hoekom het Philip eers nadat hy oor die eindstreep gejaag het, gekyk of hy gepik is? (2)
- 1.11 Dink jy om van adrenalien-rush (paragraaf 3) te praat doen Afrikaans eer aan?  
Is dit trots Afrikaans? Gee 'n goeie/raak Afrikaanse beskrywing. (2)

**TOTAAL AFDELING A: 20**

**AFDELING B: OPSOMMING****VRAAG 2**

- 1 Lees die teks hieronder en maak 'n opsomming van SES interessante feite rakende olifante se voorkoms en samestelling.
- 2 Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as 70 woorde beslaan nie.
- 3 Dit is nie nodig om vir die opsomming 'n titel te gee nie.
- 4 Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

Met flappende ore en groot treë kom twee olifante na ons aangestap. "Die grote is Sally, en die kleintjie Shaka," stel ons gids, Victor Zingwena, ons aan ons stapmaats voor. "Groet hulle, hulle is vriendelik."

Met lang slurphale suig hulle die korrelvoer soos 'n stofsuier op. "n Slurp is nie net 'n lang neus nie," verduidelik Victor terwyl hy oor Sally s'n vryf. "Dit bestaan uit meer as 100 000 spiere, en aan die voorpunt het hulle twee 'vingers' waarmee hulle die kleinste saadjie kan optel." In gelid begin ons stap. Eers ons, dan Sally en Shaka, en Victor agter hulle, afdraande deur gras en fynbos tot in die Knysnawoud.

Ons voel aan Sally se growwe plooivel. "Sien jy die haartjies?" vra Victor. "Die vel is ongeveer 2,5 sentimeter dik, maar die haartjies maak dit baie sensitief".

Ons stap terug na die hut toe. Shaka en Sally skuur hulle luilekker teen die groot bome.

"Wat ruik so?" wonder ek.

"Ag nee Shaka, nie weer nie!" raas Charles. Hulle los verskriklike winde. Loop eerder voor, anders blaas hulle jou dalk net om." Ook geen wonder nie, want hulle eet vir 18 uur van die dag tussen 200 kg en 400 kg kos. By 'n grasdakhut aan die einde van ons staptog wag Judge, wat homself as gids, kok en brandweerman voorstel, ons met 'n regte bos-ontbyt in.

Uit: Weg, Junie/Julie 2011

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN –KONVENTIES****VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg:

## Go wild

### ADDO-OLIFANT NASIONALE PARK


- 1 Safaritente, houthutte, rondawels, chalets en luukse gastehuise – dit is alles deel van die verskeidenheid soorte akkommodasie wat Addo aan gaste kan bied.



- Eersdaag is Matyholweni ruskamp – wat vanaf die N2 naby Colchester bereik sal kan word – ook beskikbaar. Die park het daarbenewens 'n restaurant, winkel en 'n swembad vir gaste. 'n Skaduryke woonwapark en kampeerterrein met gemeenskaplike fasiliteite is ook beskikbaar asook 'n piekniekplek vir dagbesoekers. 'n Tentkamp in die Zuurberge kan ook bespreek word.

- Aktiwiteite in die park sluit in die
- 10 PPC-Discovery-voetslaanroete wat deur die park se plantegroei kronkel. Hierdie roete is ook vir gestremdes toeganklik. Perderoetes, dagstappe, voetslaan
- 15 en wildritte met 'n gids kan ook in die park bespreek word.

Die park is 72 km van Port Elizabeth af waar daar 'n lughawe en motorverhuringsmaatskappye is.



(Aangepas uit *Wegbreek*, Augustus 2004)

- 3.1    3.1.1    Verdeel akkommodasie (reël 2) in lettergrepe; dui die oop en gesloten lettergrepe aan. (2)
- 3.1.2    Benoem die klankverskynsels wat kan voorkom in die uitspraak van van die in reël 1. (1)
- 3.2    Skryf die woord houthutte in reël 1 neer en dui 'n diftong aan. Onderstreep die diftong. (1)
- 3.3    Die woord huis in "gastehuise" (reël 1) kry 'n ander betekenis as dit ontrond word. Maak 'n sin met die ontronde woord om die betekenisverskil aan te dui. (2)
- 3.4    3.4.1    Dui die kern aan in die woord tentkamp (reël 7). (1)
- 3.4.2    Maak 'n nuwe samestelling met die bepaler van die woord. (1)
- 3.4    Vorm van die woord aktiwiteite in reël 9 'n werkwoord en gebruik dit in 'n gepaste sin. (2)

**TOTAAL: 10**

**VRAAG 4: STROKIE**

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg:



Uit: *Beeld*, September 2005

- 4.1 Wat doen Vonnie se skoonma wat hom so moedeloos maak? Sê dit in jou eie woorde in een sin. (1)
- 4.2 Skryf 'n antoniem vir gelukkig neer. (raampie 1) (1)
- 4.3 Vorm 'n afgeleide selfstandige naamwoord van "verstaan" (raampie 3) (1)
- 4.4 Wat beteken "hiet en gebied" (raampie 2) (2)
- 4.5 Skryf 'n tussenwerpsel uit die strokie neer. (1)
- 4.6 Skryf Vonnie se opmerking in raampie 1 in die indirekte rede oor. (2)
- 4.7 Wat impliseer Vonnie se woorde in raampie 3? (2)

**TOTAAL: 10**

**VRAAG 5: ARTIKEL**

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg:

## Dié dinosaurus het dalk ook in SA gejag

*Wolfram Zwecker*



- |   |   |
|---|---|
| <p>1 Hulle was klein, vinnig en dodelik, met 'n sekelklou aan elke wysvinger wat gebruik is om hul prooi oop te kloof.</p> <p>2 Met die ontdekking van die beentjies van 'n sowat 80 miljoen jaar oue dinosaurus, die <i>Neuquenraptor argentinus</i>, in Argentinië, het die moontlikheid ontstaan dat dié prehistoriese jagters ook in Suid-Afrika voorgekom het.</p> <p>3 Die bestaan van die nuwe <i>Neuquenraptor</i>-spesie is die afgelope week in die wetenskaptydskrif <i>Nature</i> aangekondig.</p> <p>4 Die <i>Neuquenraptor</i>, sowat 2 m lank en 100 kg swaar met 'n lang sekelagtige klou aan die "wysvinger" van elke poot, was deel van die <i>deinonychosaurus</i>-dinosourusse – klein aggressiewe vleisvreters wat in troppe gejag het.</p> <p>5 Die twee <i>velociraptors</i> wat wetenskaplikes in die fliek <i>Jurassic park</i> geterroriseer het, was ook deel van die groep. Volgens die artikel het paleontoloë onder leiding van dr. Fernando Novas van die Universiteit van Buenos Aires die fossiel naby die dorpie Neuquen opgegrawe.</p> | <p>6 Dit is die eerste keer dat 'n spesie van die <i>deinonychosaurus</i>-groep uit die Kryttydperk (sowat 90 miljoen tot 100 miljoen jaar gelede) in die suidelike vasteland ontdek is.</p> <p>7 Wetenskaplikes was tot nou toe van mening dat die groep vleisvretende dinosourusse hoofsaaklik in die Noordelike Halfrond – veral die VSA, China en Mongolië – voorgekom het.</p> <p>8 Novas is van mening dat die nuwe vonds daarop dui dat die jagters wydverspreid oor suidelike vastelande voorgekom het en nie net in die noordelike vastelande ontwikkel het nie.</p> <p>9 Die jagters het oor die wêreld versprei terwyl alle vastelande nog deel was van die oervasteland Gondwanaland wat sowat 140 miljoen jaar gelede begin opbreek het.</p> |
|---|---|
- Uit: *Beeld*, 28 Februarie 2005

- 5.1 Gee die wisselvorm van dinosourus (paragraaf 2) (1)
- 5.2 Gebruik die intensieve vorm van klein (paragraaf 1) in 'n nuwe sin. (1)
- 5.3 Skryf die korrekte afkorting van onder leiding van (paragraaf 5). (1)
- 5.4 Hoe noem ons die inwoners van Argentinië? (paragraaf 2). (1)
- 5.5 Skryf mening in sy verkleiningsvorm. (paragraaf 8) (1)
- 5.6 Gee die vergrotende trap van nuwe (paragraaf 3) in onderstaande sin; skryf slegs die woord:  
'n Nuwe spesie is verlede maand ontdek, terwyl wetenskaplikes gister  
'n nog (nuwe) een ontdek het. (1)
- 5.7 Sien vonds in paragraaf 8 – skryf die basisvorm van die woord neer. (1)
- 5.8 Wat beteken die voorvoegsel "oer" in oervasteland (paragraaf 9) of oerdier? (1)
- 5.9 Brei die volgende sin uit (paragraaf 9) soos gevra:  
Die jagters het oor die wêreld versprei.
- 5.9.1 Voeg 'n bywoordelike bepaling by. (1)  
5.9.2 Voeg 'n byvoeglike bysin by. (1)

**TOTAAL: 10****GROOTTOTAAL AFDELING C: 30****GROOTTOTAAL: 60**